

GELOFTEFEES TOESPRAAK
GROOTFONTEIN GELOFTEFEES TERREIN
16 DESEMBER 2008

WAARHEEN NOU MY VOLK?

Wat is ons posisie?

Ek wil nie die klem hier laat val nie. By elke besorgde lid van die Volk is dit redelik gemeensaak. Ons kan dit kortliks saamvat deur die volgende:

- Ons is 'n verknegte Volk wie se Owerheid heidens is.
- Ons is 'n bedreigde Volk op baie terreine, maar veral wat ons veiligheid, eiendom en gesondheid betref.
- Ons is 'n Volk wat so verdeel is dat dit moeilik, en selfs onmoontlik word om nog die Volk te kan identifiseer.
- Ons het 'n Volk geword wat grootliks in afgodery verval het.

Hoe het ons daar gekom?

Ook hieroor hoef ons nie baie te sê nie. Ons sal waarskynlik, grootliks met mekaar saamstem dat ons is waar ons is, omdat ons Volk, stadig, maar seker sy rug - saam met die wêreld - op die enigste, lewende, Drie-enige God gedraai het deur meer op ons eie insigte te begin steun as wat ons op Hom vertrou!

Hierin het eiesinnigheid, wat veral tot uitdrukking kom/gekom het deur demokrasie, die leeuedeel gehad het! Hierdie saak, dat in ons Volk gedink word dat elkeen die Vader kan dien soos hyself goeie, 'n groep bymekaar maak, en dan te stem daarvoor, het ons gebring waar ons is!

In Dt. 8:19 staan daar: ***Maar as jy nogtans die HERE jou God vergeet en agter ander gode aan loop en hulle dien en voor hulle neerbuig, dan verseker ek julle vandag dat julle sekerlik sal omkom;***

Hierdie eiesinnigheid van ons is die ander gode agter wie ons aanloop!! Die vader sê: "... ***dat julle sekerlik sal omkom***"

Behalwe hiërdie Skrifwoord, nog enkeles uit 'n versameling ander waarin die Vader die land waarin Hy sy kinders laat woon, **voorwaardelik** aan hulle gee! As hulle dwaal, neem Hy dit terug of bring verdrukking oor hulle!

***Dt 4:25 As jy kinders en kindskinders sal verwek en julle in die land verouderd sal wees en verderflik handel deurdat julle 'n gesnede beeld maak, 'n gelykenis van enigiets, en doen u wat verkeerd is in die oë van die HERE jou God om Hom te terg,
26 dan neem ek vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle dat julle sekerlik gou uit die land sal vergaan waarheen julle oor die Jordaan trek om dit in besit te neem; julle sal die dae daarin nie verleng nie, maar sekerlik verdelg word.***

Dt. 5:33 In al die weë wat die HERE julle God julle beveel het moet julle wandel, sodat julle kan lewe en dit met julle goed kan gaan en julle die dae kan verleng in die land wat julle in besit sal neem.

Dt. 8:1 Al die gebooie wat ek jou vandag beveel, moet julle sorgvuldig hou, dat julle mag lewe en vermenigvuldig, en dat julle mag inkom en die land in besit neem wat die HERE aan julle vaders met 'n eed beloof het.

Dt. 30:10 as jy na die stem van die HERE jou God luister om sy gebooie en sy insettinge te hou wat in hierdie wetboek geskrywe is; as jy jou tot die HERE jou God bekeer met jou hele hart en met jou hele siel. (voorwaarde gestel)

Dan die belofte in vers 16: ***.....sodat jy kan lewe en vermenigvuldig en die HERE jou God jou mag seën in die land waarheen jy gaan om dit in besit te neem.***

Dt. 28. Die hele hoofstuk, maar luister veral na verse 45-47:

45 En al hierdie vloeke sal oor jou kom en jou agtervolg en jou inhaal totdat jy verdelg is, omdat jy nie geluister het na die stem van die HERE jou God om sy gebooie en sy insettinge wat Hy jou beveel het, te hou nie;

46 en hulle sal by jou 'n teken en 'n wonder wees, en by jou nageslag tot in ewigheid.

47 Omdat jy die HERE jou God nie met vreugde en vrolikheid van hart weens die oorfloed van alles gedien het nie,

Jes.57:13 Maar wie op My vertrou, sal die land beërwe en my heilige bergland in besit neem.

Laat dit vir ons duidelik wees, ons het net onself om te blameer vir die toestand waarin ons is. Ons het die rug op die Vader gekeer terwille van eiesinnige redenasies en Godsdienste, sélfvertroue in plaas van Godsvertroue, materialisme en afgodery, want die Vader sê dat eiesinnigheid afgodery is (1 Sam. 15:23)

Dit is hoekom ons is waar ons is!

Nou die vraag, hoe kom ons daaruit?

Hoewel die antwoord voor-die-hand-liggend lyk, terug na die Woord, is daar in die besonder een baie belangrike struikelblok.

Volgens wie se interpretasie gaan ons na die Woord? Selfs hier waar ons as Geloftegangers byeen is, is hier vanoggend hoeveel verskillende maniere van verstaan van die Woord!

Paulus skryf in die Romeine brief die volgende: Hy sê in hoofstuk 15 verse 5 en 6 ***En mag die God van lydsaamheid en bemoediging aan julle gee om eensgesind onder mekaar te wees ooreenkomstig die wil van Christus Jesus, 6 sodat julle die God en Vader van onse Here Jesus Christus eendragtiglik uit een mond kan verheerlik.***

Die antwoord op hierdie terugkeer na God word pragtig saamgevat in 2 Kron. 7:13-15 ***13 As Ek die hemel toesluit, dat daar geen reën is nie, of as Ek die sprinkaan beveel om die land af te eet, of as Ek pes onder my volk stuur, 14 en my volk, oor wie my Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en my aangesig soek en hulle bekeer van hul verkeerde weë, dan sal Ék uit die hemel hoor en hulle sonde vergewe en hulle land genees. 15 Nou sal my oë oop wees en my ore luister na die gebed van hierdie plek.***

In hierdie plan/opdrag wat die Woord hier gee vir terugkeer word hier van verskillende sake gepraat: Ons lees van, ***my Naam uitgeroep***, van ***verootmoedig***, van ***bid***, van ***my aangesig soek*** en ***hulle bekeer van hul verkeerde weë***.

Wat egter opmerklik is, is dat verootmoediging dié element is wat in ons volkshuishouding uitgelig word, grootliks ten koste van die ander. Is dit nie op sigself eiesinnig/afgodery nie? Ons reël maklik verootmoedigings geleentheid, maar wanneer ons daarvandaan terug ry, gaan ons met dieselfde lewensstyl en oortuigings aan, waarmee ons daarheen gegaan het! Lees gerus meer hiervan by www.dsgideon.co.za Daar is nie sprake van bekering nie! Ons is so oor ons onderlinge, mensgemaakte vrede begaan - dat ons die Broer en Suster wat anders as ek glo, nie aanstoot gee nie - dat die waarheid van die Skrif wat sê dat ons uit een mond moet bely verlore gaan. Hoekom is ons nie bereid om ons daarvan te bekeer nie? Daarmee is ek nie besig om vir onvrede of 'n verdere partydigheid te vra nie, maar juis vir eenheid soos die enkele voorskrif van die Woord ons dit vra!

As ons nie aan al die sake aandag gee wat die Vader aan ons in 2 Kron. stel nie, térg ons Hom soos Jer. 7 dit stel. As ons nie begin om van ons eiesinnigheid ontslae te raak nie, is **alles** te vergeefs! Elke Volksvergadering, elke Volksregister en Beweging, tevergeefs!!

Ons het nou 'n paar belangrike sake aangetoon waarvan ons vir ons sal moet bekeer en waarna ons die Vader kan vra om redding, maar ons staan nog vierkantig voor die groot struikelblok. Hoe gaan ons eensgesind onder mekaar wees en Hom uit een mond bely? Wie se verstaan van die Woord is die korrekte?

Die antwoord: **terug na die Woord volgens die vertolking wat die trekkers** tydens die Geloofte daaraan gegee het. Hulle was nie eers kerk, in die institusionele sin van die woord nie, maar, hoe ironies dit ook al mag klink, gelowige gebándes van die Kaapse kerk. Hulle het eensgesind in hulle manier van aanbidding voor die Vader gestaan en aanbid, 'n Geloofte afgelê. Hulle het hul afhanklikheid geken. Die Vader het hierdie Geloofte gerespekteer en daarom die wonderwerke daarvan laat plaasvind. Daarom kan ons Hom weer om genade vra as ons daarna strewe om met ons hele hart daardie beginsels uit te leef !

As hierdie beginsel, dat dít die régte verstaan van die Bybel tydens die Geloofte was, nie vir my Broer- en Suster volksgenoot genoegsaam oortuigend is nie, is ek bereid om myself soos Elia op die Berg Karmel voor die aangesig van die Lewende God en Vader te stel, en te vra, Vader wys u vir ons op duidelike wyse, sodat ons uit ons klaaglike moeras van verdeeldheid kan uitkom.

Laat ons elkeen laat vaar wat vir ons sélf belangrik is en ons neerlê by sy wil.

Hoe lyk hierdie “Bloedriviergeloof” waarheen ons moet terugkeer? **Net die Woord alleen** soos die Kerk Hervormers dit gestel het! Daar is geen plek vir persoonlike voorkeure of giere nie. Dáár begin die verdeeldheid. Ek hou van dit sús en jy hou van dit só, daar is die eerste twee kampe. Ons diens en aanbidding van die Vader moet net wees wat Hy voorskryf! Dit is die Bybelse!

Terug na die Woord alleen!

Ek herhaal weer vir u. As die feit, dat die Vader die wonderwerke van die Geloofte laat plaasvind het op grond van die Trekkers se geloof, nie vir u my Broer- en Suster Volksgenoot genoeg is nie, laat ons die Vader vra om self die uitsluitel te gee, dan deur die lot. Spreuke 18: 18 beskryf juis hierdie gebeure wanneer dit stel: **Die lot laat die geskille ophou en maak sterkes uitmekaar.** Ek het in my hart geen vraag oor wat die uitslag gaan wees nie, maar is bereid om my oortuiging voor die aangesig van die Almagtige Vader te stel, sodat Hy die uitkoms bepaal. Spreuke 16:33 sê weer: **In die skoot word die lot gewerp, maar elke beslissing daarvan kom van die HERE.**

Die lot is ook volledig Nuwe Testamentiese. Die gebruik van die Lot word by drie gebeure in die NT aangedui: Luk. 1:9 waar Sagaria aangewys word om die Tempeldiens te behartig; Jn. 19:24 waar die Lot oor Jesus se kleed gewerp word en Hd. 1:26 waar deur die Lot 'n dissipel in die plek van Judas aangewys word. Daar is veel meer verwysings daarna, wat handel oor dié drie gebeurtenisse.

Daar bestaan nie 'n manier hoe ons mensheid hierdie geloofsverskeurdheid voor die aangesig van die Vader gaan opklaar nie, net Hy self sal ons uit hierdie moeras van geloofsverwarring waarin ons onself bevind kan uitlig. Ek is heelhartig bereid om my neer te lê by die Vader se beslissing, want ek glo in sy Almag! Is u ook, my Broer en Suster?

Wat staan ons nou te doen?

Elkeen van ons moet teruggaan na ons gebedskamer. Ons moet die Vader gaan bid dat ons as Volk ons sal bekeer van al ons verkeerde weë en afgodery. Afgodery in ons dag is nie noodwendig die heilige boomstam, die gesnede beelde en afgods altare nie, maar die eiesinnigheid, die materialisme, die status, die selfversekerdheid en nog meer!

Ons moet teruggaan en ons gaan bekeer van wat verkeerd is in ons lewens, ons mensgemaakte leerstellings, rituele in ons gemeentes (sien Mat. 15:9) en ons moet terugkeer van ons ontheiliging van die dag van Jahwe en veel ander!

Elkeen moet teruggaan na sy gemeente en hierdie sake gaan stel en meewerk tot 'n Reformasie van die gemeentes terug na hierdie suiwer Woord beginsels soos ons die beginsel aantref by Bloedrivier.

Die eenheid van die kerk lê nie noodwendig in die naam van die gemeentes nie, maar in die eenderse en eendragtige aanbidding voor die Vader.

Ons moet gaan werk aan hierdie saak! Dit is die begin van die regmaak. Dit is Volkshervorming soos Nehemia dit gedoen het. Hervorm terug na die Woord van die Vader.

Ek dank u.

Gideon Grobler